# Rondom die Wêreld-toer

## Japan, Alaska, Amerika, Verenigde Arabiese Emirate

### 7-27 April 2024

Kom toer saam met ons vir drie weke ***reg rondom die wêreld!*** Ons begin met drie dae in Tokio (in die Kersie-bloeisel feestyd) en reis dan vandaar met die ***Norwegian Jewel*** vir twaalf dae vanaf Japan na Alaska. Bly ook vir twee nagte oor in Seattle, in Amerika se Washington-staat, asook een nag in Dubai, in die *Verenigde Arabiese Emirate*. Die spesiale groepstarief beloop **R68 990** per persoon.

## ***Reisplan***

**Sondag, 7 April** **KAAPSTAD / JOHANNESBURG → TOKIO**
Die groot dag breek uiteindelik aan! Ons vertrek vroegaand na Japan. Oornag aanboord na aandete. Ons land vroegmiddag op 8 April in **Tokio**, die polsende hoofstad van **Japan**.

**Maandag tot Woensdag, 8-10 April** **TOKIO**
- Busvervoer vanaf die lughawe na die Tokio-hotel en vanaf die hotel na die hawe.
- Twee nagte verblyf in 'n uitgesoekte hotel, met ontbyt ingesluit.
- 'n Halfdag stadstoer van Tokio se hoogtepunte. Beleef ook die besondere Kersie-bloeisel skouspel.




*Beleef die **Kersie-bloeisel skouspel** in Japan se lentetyd*

**Woensdag, 10 April tot Maandag, 22 April** **TWAALF DAE BOOTVAART OP DIE *NORWEGIAN JEWEL***
- Alle maaltye en vermaak, asook hawe-belastings is ingesluit.
- As bonus ontvang elke kajuit 'n 250-minute Internet-pakket, asook $50-afslagbewyse vir land-ekskursies.
- Opsionele land-ekskursies is beskikbaar en ons sal bystand verleen om dit so billik as moontlik te doen.

Die gesaghebbende ***Frommer's*** reisgids skryf as volg oor die ***NORWEGIAN JEWEL***:
"The *Norwegian Cruise Line's* ***Norwegian Jewel***, is a firm favourite and introduced some new features, including bowling. It has 1 197 cabins. The smallest of the rooms are not cramped. The public areas are bright and airy. The main showroom, the two-story *Stardust Theater*, holds 1 100 in comfy seating. It pulls of some pretty ambitious Broadway-style revues."

| **Frommer's ratings** for the ***NORWEGIAN JEWEL*** on a scale of 1-5: | **4½** | | |
|---|---|---|---|
| Cabin Comfort & Amenities: | **4** | Dining Options: | **5** |
| Ship Cleanliness & Maintenance: | **5** | Gym, Spa & Sports Facilities: | **4½** |
| Public Comfort/Space: | **4** | Children's Facilities: | **5** |
| Décor: | **4** | Enjoyment Factor: | **4½** |

The ***Norwegian Jewel*** operates ***Freestyle Cruising***. The most obvious difference between *Freestyle* and traditional cruising, is that the *Norwegian Jewel* has sixteen different restaurants available for meals on a flexible basis to suit guests, rather than the rigid two sitting system. Guests can plan their evening around what they want to do, rather than around fixed meal times.

Die **reisplan** is as volg:
- Woensdag, 10 April: Vertrek om **17:00** vanaf **Tokio**.
  Ons bus sal ons reeds om 12:00 by die boot besorg, sodat daar kans is vir 'n heerlike middagete aanboord!






- <u>Donderdag, 11 April</u>: Besoek **Sendai (Ishinomaki)** (Japan) van **10:00** tot **18:00**.
  "Nestled between the mountains and the sea, Sendai is nicknamed the "City of Trees," which is easy to why as you explore this vibrant city. Historic sites and museums dot the cityscape, allowing a glimpse into the region's storied past. From delicious street food to Michelin-starred restaurants, Sendai offers numerous ways to savor local cuisine as you browse boutique shops. Or journey outside the city to dormant volcanoes, rolling hills and relaxing hot springs to soak in the surrounding natural beauty."





***Sendai** is die grootste stad in Japan se Tohoku-streek, met nagenoeg een miljoen inwoners*

- <u>Vrydag, 12 April</u>: Besoek **Hakodate** (Japan) van **10:00** tot **21:00**.
  "The best view of Hakodate is seen from high atop its namesake mountain. Ride the gondola to the observation deck and gaze down at the spectacular vista below. Immerse yourself in history within the star-shaped walls of Fort Goryokaku and explore the site of famous battles that transformed Japan. Work up an appetite strolling along the city's sloping streets and enjoy a mouth-watering seafood rice bowl (kaisen-don) from the Hakodate Morning Market."





***Hakodate** is geleë op Japan se noord-eiland en staan ook bekend as die "city of gourmet food"*

- <u>Saterdag, 13 April</u>: Besoek **Aomari** (Japan) van **07:00** tot **17:00**
  "In Aomori, immerse yourself in history as you visit fascinating archaeological sites, ancient villages and cultural museums. Come hungry for culinary delights and create your own donburi from the fresh, local seafood sold at Furukawa Fish Market. Or discover one of the city's many apple groves and taste green and red apples and homemade jams and juice."

 

***Aomari:*** *die Hirosaki-kasteel tydens die Kersie-bloeisel Fees (links) en 'n moderne deel van die stad (regs)*

- 14-15 April: Twee See-dae om alles wat aangebied word op die ***Norwegian Jewel*** te geniet op die noordelike Transpasifiese-bootvaart van Japan na Alaska.
  *Get mesmerised by awe-inspiring acrobatics at Le Cirque Bijou!*
  As jy verveeld raak, besoek die biblioteek, speel tennis op die boot se tennisbaan, of verwyl die tyd in een van die ses warmwater-jacuzzi's!
  18:00: 'n Gesamentlike aandete is vir ons groep bespreek in die *Tsar's Palace Restaurant* vir Sondag, 14 April.

- Dinsdag, 16 April: *Cross the International Date Line*.

- Woensdag, 17 April: Seedag. Ons vaar ooswaarts deur die Noord-Pasifiese Oseaan.
  18:00: 'n Gesamentlike aandete is vir ons groep bespreek in die *Azura Restaurant*.

- Donderdag, 18 April: Besoek **Dutch Harbor** van **08:00** tot **18:00**.
  "Located on Amaknak Island, Dutch Harbor's history is as dramatic as its landscape. From ancient Aleut communities to the development of a thriving fishing industry and bombings during World War II, you can dive into the island's past at one of the local museums. Explore the bay on a boat or kayak tour where you may see bald eagles, whales, sea lions, otters and more. Or journey into the surrounding mountains on an exhilarating hike where you will be rewarded with breathtaking vistas."

- Vrydag,19 April: Seedag: ons vaar verder ooswaarts deur die Alaska See.
  18:00: 'n Gesamentlike aandete is vir ons groep bespreek in die *Tsar's Palace Restaurant*.



***Dutch Harbor*** *op die Amaknak-eiland*



*Met meer as 3 500 Kodiak Bruin Bere in die area, is **Kodiak** die beste plek vir bruin beer besigtiging!*

- Saterdag, 20 April: Besoek **Kodiak** (Alaska) van **08:00** tot **18:00**.
  "Kodiak is located on the eastern coast of Kodiak Island - the second largest island in the United States. Guests will quickly see why this location is referred to as Emerald Isle with large swaths of untouched, pristine forests and meadows blanketing the mountainous landscape. More than 200 species of bird call Kodiak Island home, as well as the famous Kodiak bears, mountain goats, elk and more. The surrounding waters are as rich in wildlife as on land with halibut, salmon, harbor seals, sea lions, sea otters, whales and others traversing its icy waters. Whether you prefer to tour by land or by water, spectacular vistas and abundant wildlife await your discovery."

- Sondag, 21 April: Besoek **Keystone Canyon - Valdez** (Alaska) van **08:00** tot **18:00**.
  "If you're interested in dramatic landscapes and diverse wildlife, then Valdez is for you. Ideally nestled along Prince William Sound, this picturesque town seems to have it all-towering mountains, wildflower-carpeted meadows, iceberg-dotted waters and expansive glaciers. Feel Free to go a little wild on an exhilarating shore excursion, or explore the town's Gold Rush history, browse local shops and savor fresh seafood."

**<u>Maandag, 22 April</u>: SEWARD → ANCHORAGE → SEATTLE**
Die ***Norwegian Jewel*** arriveer reeds om **05:00** in **Seward**, Alaska. Die skilderagtige Seward is geleë in die Kenai Skiereiland. Na 'n laaste ontbyt aanboord, vertrek ons sak-en-pak na **Anchorage**, Alaska se hoofstad.
Ons maak die *Seward to Anchorage narrated Wildlife tour* mee (met 'n toergids wat die bus vergesel).

- *The tour includes a stop at the Wildlife Conservation Center. There is a chance to see Bears, Moose, Caribou, Bison, Elk, Reindeer, and Musk Oxen. After 'n second scenic stop we will arrive in Anchorage at about 12:30.*

Anchorage is die grootste stad in Alaska met 'n bevolking van ongeveer 300 000. Ons word by die lughawe besorg vir ons laatmiddag drie en 'n half uur vlug met ***Alaska Airlines*** na **Seattle.** Nadat ons in Seattle aangekom het, neem ons die hotel se gratis *shuttle*-bussie na die nabygeleë ***Hampton Inn Seattle Airport Hotel***, waar ons die volgende twee aande oornag.

**<u>Dinsdag, 23 April</u>: SEATTLE**
Na ontbyt vertrek ons per bus op 'n vier-ure stadstoer om die hoogtepunte van hierdie mooi stad te sien. Ons sien onder andere die ikoniese *Space Needle* en besoek die bekende *Pike Place Market*. Net oorkant die *Pike Place Market* is die ikoniese eerste Starbucks, wat in 1971 geopen is, geleë. 'n Mens kan nie daar verbygaan sonder om van die kenmerkende koffie te drink nie!

**<u>Woensdag, 24 April</u>: SEATTLE →**
Na ontbyt het ons 'n laaste paar uur in Seattle! Die interessante *Museum of Flight* is ongeveer 12 minute per taxi vanaf ons hotel vir diegene wat daarin belangstel. Laatoggend moet ons die hotel se *shuttle*-bussie na die lughawe gebruik, vir ons middagvlug na Dubai.



***Seattle** is die grootste stad in die Washington-staat, met 'n bevolking van ongeveer 740 000*



***Dubai** is die hoofstad van die Verenigde Arabiese Emirate en Aprilmaand is een van die beste maande van die jaar om die stad te besoek.*

**Donderdag, 25 April: → DUBAI**
Ons arriveer vroegaand, na 'n vlugtyd van 14 en 'n half uur, in **Dubai.** Die *Dubai Internasionale lughawe* word tans beskou as die besigste lughawe in die wêreld. Dié stad het in die laaste paar dekades ontwikkel tot een van die top stede in die wêreld. Ons reis na ons sentraalgeleë hotel, waar ons vanaand oorbly.

**<u>Vrydag, 26 April</u>: DUBAI →**
Na 'n heerlike ontbyt het ons tyd om hierdie moderne stad te verken. Maak seker dat jy ook die hoogste gebou in die wêreld, die *Burj Khalifa* (829.8 meter hoog), sien. Laatmiddag vertrek ons na die lughawe vir ons vlug terug na Suid-Afrika.

**<u>Saterdag, 27 April</u> → JOHANNESBURG / KAAPSTAD**
Na 'n vroeë ontbyt en 'n wonderlike toer ***Rondom die Wêreld***, land ons in Johannesburg en Kaapstad.

## INGESLUIT BY DIE TOERPRYS:

- ✓ Internasionale vlugte in die ekonomiese klas tussen Johannesburg & Tokio, Seattle & Dubai en Dubai & Johannesburg. Daar is 'n addisionele koste van R1 480 vir die retoervlug vanaf en na Kaapstad.
- ✓ Lughawebelastings en brandstofheffings vir al die vlugte.
- ✓ 'n Twaalf-dae bootvaart vanaf Japan na Alaska met die ***Norwegian Jewel***. Akkomodasie in binnekajuite met alle maaltye, vermaak en hawe-belastings ingesluit.
- ✓ Elke kajuit ontvang 'n gratis Internet-pakket van 250 minute, asook $50-afslagbewyse vir land-ekskursies.
- ✓ Bystand om die land-ekskursies tydens die bootvaart so billik as moontlik te doen.
- ✓ Verblyf, met onbyt elke oggend ingesluit, vir twee nagte in Tokio, twee nagte in Seattle en een nag in Dubai in uitgesoekte hotelle.
- ✓ Alle vervoer tussen lughawens, hotelle en hawens.
- ✓ Halfdag-besigtigingstoere in Tokio en Seattle.
- ✓ 'n Panoramiese busrit van Seward na Anchorage in Alaska: *Anchorage to Seward narrated Wildlife tour* (met 'n plaaslike toergids).
- ✓ Die dienste van 'n ervare toerleier deurentyd.

## LET ASSEBLIEF OP DIE VOLGENDE:

- Die toerkoste van **R68 990** is gebaseer op lugreisgelde en landreëlingskostes in Februarie 2023 en is onderhewig aan wisselkoers-veranderings. Dit is gebaseer op 'n wisselkoers van $1 = R18.
- Die bybetaling vir diegene wat 'n enkelkamer/kajuit verlang is op aanvraag beskikbaar.
- Die bybetaling vir 'n opgradering na 'n buite-vensterkajuit is **R10 870** per persoon vir die twaalf nagte.
- Verpligte diensfooie van **R4 320** ($20 per dag) vir die bootvaart is nie ingesluit by die toerkoste nie.
- Begroot tussen **R3 000** en **R6 000** vir opsionele land-ekskursies (afhangende van hoeveel jy wil spandeer) ~ ons sal dit so billik as moontlik probeer reël vir ons groep.
- Groeps-reisversekering van ***TIC Europ Assistance*** is beskikbaar vir alle toerlede onder die ouderdom van 76 jaar teen R740 vir die 21 dae (vir diegene bo 75 jaar is daar 'n bybetaling).
- Ons het die volgende visums nodig vir die toer:
    - 'n Visum vir die VSA (koste $160). As jy nog nie 'n visum vir die VSA het nie, maak so gou as moontlik 'n afspraak om jou visumaansoek in te gee. Jy het geen reisdokumente nodig vir die visumaansoek nie, maar ons sal wel 'n skrywe stuur om te bevestig dat jy deel is van ons groepstoer.
    - 'n Visum vir Japan se koste beloop tans R410.
    - 'n Visum vir die *Verenigde Arabiese Emirate* se koste beloop tans R215.

  Ons sal help met die visumaansoeke en al die nodige stawende dokumente aan elkeen verskaf.
- Ten minste 30 passasiers moet deurgaans saamreis.
- 'n Deposito van **R8 000** moet met bespreking vereffen word om 'n plek op die toer te verseker.
- Die balans van die reisgeld moet **voor 6 Januarie 2024** vereffen word.
- Kredietkaart-betalings word ongelukkig nie aanvaar nie.

## HOE OM TE BESPREEK:

Voltooi so gou as moontlik die besprekingsvorm en vrywaringsvorm en e-pos dit aan info@vandyktours.co.za.
Deposito's moet inbetaal word op (of oorgeplaas word na) die volgende rekening by

Nedbank: 119 1533 964    Tak: *George*    Takkode: 198 765
Rekeninghouer: *Van Dyk Travel*    Tipe rekening: Lopende/Besigheids    Verwysing: JAPAN/ en u van

Kontak die toerleiers, ***Gerhard of Renhard van Dyk***, vir enige verdere navrae:
*Tel nr:* 082 767 8400    *Faks nr:* 086 733 8987    *E-pos:* info@vandyktours.co.za

## AGT DAE VERLENGINGSTOER:

As jy nog meer van Alaska wil beleef, kan jy die toer verleng met die agt dae **klassieke Alaska-bootvaart** van 22 tot 29 April op die ***Norwegian Jewel*** vanaf Seward na Vancouver, in Kanada. Jy kan selfs in dieselfde kajuit aanbly as vanaf Japan!
Vaar op dié bootvaart na die Hubbard gletser en deur die bekende "*Inside Passage*" en doen *Icy Strait Point*, Juneau, Skagway en Ketchikan aan.
Die koste vir die agt-dae verlenging beloop **R14 390** per persoon wat 'n binnekajuit deel. 'n Mens kan ook opgradeer na 'n vensterkajuit teen **R5 960** per persoon.
Hou in gedagte dat 'n mens ook 'n Kanadese visum nodig het vir die verlengde toe ren verkieslik tien maande voor vertrek reeds moet aansoek doen vir die Kanadese visum.
[Die toerdatum wat dan die verlengde toer insluit, is 7 April tot 4 Mei 2024.]



VAN DYK TOERE
INNOVERENDE KWALITEIT SEDERT 1995